# Nuuskrummels

Donderdag 16 Mei 2024




Ons eerste Jeug Kamp
in jare het Vrydag, 10 Mei
afgeskop, en wat 'n
geleentheid was dit nie!

Versteek in die Jonkershoek vallei,
het 'n groep brawe en engerie-
volle tieners, die kamp aangepak.
Hulle het nat geword, gestap dat daar
blase vorm, om die vuur ge- sing en dans,
en natuurlik heerlike kos geëet.

Oor die verloop van die naweek het ons ingeklim in die Woord van God, en geleer oor wat dit beteken om die Here te loof en prys.

'n Wonderlike reeks wat deur Ds Derick aangebied was, en in elke jeug se hart en kop vasgesteek het. Dit was duidelik te sien in Saterdagaand se lofprysing, waar die dak gelig het in die geleentheid.

Die leierspan is dankbaar vir al die bydraes van die Gemeente, vir elkeen wat die kamp bygewoon het, en die twee wonderlike kombuis Mamma's wat ons mae vol gehou het.

2024 Se kamp het die fondasie neergelê;
In 2025 gaan ons bou hierop en dubbeld so groot gaan.

Alle lof aan die Here

Pslam 136
"Aan sy liefde is daar geen einde nie"

Groete Attie













# Pinkster Feesdiens




## VOEDSELFEES

**Ons beplan 'n** Wegneem-**ete vir 26 Julie '24**.


Ons hou op **Dinsdag, 28 Junie '24** om 18:00 'n vergadering om die nodige reëlings te tref.




Ons vra vriendelik dat, behalwe vir die Sameroepers, enige ander lidmate ook welkom is om by te woon . Ons het dringend, julle insette, asook hande nodig.




## FEESMARKKAFEE 25 Mei



Ons soek groot asb. iemand wat vir ons die
Keuringsdag se kafee kan hanteer
Sal dit so waardeer.

Kontak asb vir Annelie op 072 2696 592 of
lourensrivierfeesmark@gmail.com

Kontak ons gerus : 021 853 5991
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

Admin kantoor-ure
*Maandae: 09:00 - 14:00*
*Maandae - Donderdae: 08:00 -14:00*
*Vrydae: 08:00 -13:00*
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

Finansies kantoor-ure
Maandae: 09:00 -12:30
Dinsdae - Vrydae: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

## KOSKAS



Ons benodig:
Seep, Tandepasta, sjampoe, Toiletpapier, KLEIN boksies/sakkies ontbytpap, Melk, klein pakkies Suiker / Klein Tee/Koffie. Blikkieskos: Tuna, Vis, Sweetcorn, Bully Beef , Meatballs, Spaghetti, 2 Minute-Noodles, Pakkies Soya mince, Sout, Peper, soppoeier.

*Elke bydrae help!!. - lewer asb. af by Kerkkantoor*

Dankie aan elkeen wat help met die KOSKAS



Baie geluk aan almal wat die week verjaar!

**Whatsapp Groepe: Stoor (save) asb. die nommers op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie:**

**Lourensrivier-Whatsapp Groep:** Stuur 'n Whatsapp met jou naam **na Ds. Derick 082 333 6012** as jy op die kerk se Whatsapp groep wil wees.

Kontak Ds. Derick **vir hospitaalbesoek of tuisbesoek - 082 333 6012.**

**Lourensrivier-Gebeds Whatsapp Groep & Barmhartigheid:** Stuur 'n Whatsapp met jou naam **na Lémari 082 6929 086** *as jy op dié groep wil wees.* ***Slegs gebedsversoeke word hier gedeel. Ons hanteer anonieme versoeke ook. Ons is hier om vir JOU by te staan met gebed***

# VOORBIDDING

*Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap*

**Bid asb. vir**

- Helena Kritzinger **is weer opgenem in die hospitaal. Ons bid saam vir 'n deurbraak!**
- Francis de Jager **het Dinsdag 'n knievervanging gehad. Ons bis vir vinnige herstel**
- Ons is dankbaar saam met Jacques Marnewicke. **"MRI & CT" scans albei skoon en kankervry,** al sy bloed tellings weer normaal en lewer– en nierfunksies ook normaal.
- Anonieme Gebedversoek: Ek het gehoor die kanker van *** het versprei. Ons vra vir julle gebede. Hy het Woensdag begin met chemo
- Huis Jan Swart. Verskeie siekes in siekeboeg. Mense met fisiese uitdagings - beweging wat slegs tot kamers beperk is.
- Ons harte gaan ook uit na alle ander siekes en anonieme versoeke.
- Bid ook vir die haweloses.

**Vir hospitaalbesoek of tuisbesoek, kontak**
**Ds. Derick 082 333 6012**




# Dinamiet Kiedz – rooster vir kwartaal

***Voorskools & Laerskool Sondae 09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale.*** **Ons bring graag die Evangelie aan kinders met**

## *Waar ons harte vir Jesus klop….!*

| | |
|---|---|
| **16 Mei** | **Aand – Les 6** |
| **19 Mei** | **Pinkster eindig – Les 7** |
| **26 Mei** | **Les 7** |
| **02 Junie** | **Les 8** |
| **09 Junie** | **Afsluiting - Les 9** |













Jamneck Gertina Johanna
Is van NG Gemeente Silvertonkruin
en nie NG Gemeente Suider-Strand
Ons vra verskoning vir die foutjie

**LIFELINE JEUG**

Hoërskool leerders Sondae 17:30 by die kerk, of soos gereël. Adriaan (Attie) 079 4422 230

**JONG VOLWASSENES**

Kontak Attie vir meer inligting 079 4422 230

## *Belydenisklas Kandidate*

Ons kom Sondae om 17h30 by die kerk bymekaar. Graad 11's en ouer wat nog voorgestel moet word, en selfs as jy reeds belydenis van geloof afgelê het en jy is middel twintigs en jonger, kom reis saam. Gemeente, nooi asb. die jong klomp, en versprei die woord in die gemeente onder vriende en bure.

# Johannes Erasmus Smit se storie April 2024 – in 'n neutedop

Johannes was 8 jaar oud toe hy op 26 Maart 2010 deur 'n motor in Helderberg Kollegeweg, Somerset-Wes raakgery is. Hy was 'n lewendige, woelige, besige seuntjie. Dit was die begin van die Paasvakansie en hy was besig om groot kruise van bloekomtakke te maak om te verkoop. By die NG Kerk Lourensrivier moes hulle geld insamel om aan 'n organisasie van hulle keuse te skenk. Hy wou nie koekies verkoop nie, en het die ruwe kruise gemaak en teen R40 gesmous. 10% van sy inkomste wou hy aan Bybelverspreiding skenk (en hy het!).

Nadat die kar hom raakgery het, was hy dadelik bewusteloos. Ek en 'n weldoener het hom hospitaal toe gehaas. Daar was geen uitwendige beserings nie. Hy is versorg en gemaklik gemaak. Die volgende oggend is daar egter 'n groot deel van sy regter skedelflap verwyder sodat daar genoeg plek vir die swelling van sy brein kon wees. Gebedsgroepe is oral in die land begin. Baie mense het by Vergelegen Hospitaal saamgedrom om ons te ondersteun en te bid. Op 31 Maart het 'n groep CBMC-manne die hele nag om sy bed gebid en die antwoord wat hulle die volgende oggend vroeg ontvang het, was **Ps 46:6 "God sal hom help nog VOOR die** môre **kom."** Ons het te doen gekry met salwing, lofprysing, vas en om lewe te spreek. Ons het ook vorms geteken vir orgaanskenking. Johannes het egter bly lewe en was 4 weke in die hoësorgeenheid en nog 2 weke in die kindersaal. Die dokters het ernstige permanente breinskade gediagnoseer en ons aanbeveel om 'n plek vir Johannes te soek sodat ons kan aangaan met ons lewens.

Ons ankerteks was die volgende: **Jes 41:13 "Ek is die Here jou God. Ek vat jou hand. Ek sê vir jou: moenie bang wees nie. Ek help jou."** Hieraan het ons verbete vasgeklou. Ek en Johannes is vir 8 weke na Intercare Rehabilitasiekliniek in Bellville. Daar het 'n span terapeute en dokters Johannes leer sit, staan en eet. Die dokter, Schalk Burger het Johannes se mond gesalf en Johannes het na 'n stilte van 46 dae begin woorde sê. Na 8 weke is ons huis toe. 'n Vriendin, Zelda het 'n tuisprogram vir Johannes saamgestel. Vriende, kennisse en belangstellendes het kom help stimuleer, kos gee, gesels en oefen. Die Smit-gesin het vir bykans 'n hele jaar elke aand 'n gekookte ete ontvang. Boetie Hein, wat toe 11 jaar was, is ontwrig, maar het 'n goeie vangnet by Laerskool Hendrik Louw gehad.

Met baie terapie, gebede, geduld, hulp en liefde, is Johannes vandag, na meer as 14 jaar, 'n gesonde, gelukkige, tevrede 22-jarige man. Hy is aangeneem en voorgestel by die NG Kerk Lourensrivier. Hy samel steeds elke jaar geld vir Bybelverspreiding in. Hy doen elke dag een of ander soort fisiese oefening, ry perd, doen musiek- en swemterapie, oefen saam met die biokinetika-studente op Stellenbosch, doen kuns en pottery, afrikaanse klasse en geniet interaksie met vriende en belangstellendes. Hy is humoristies, vindingryk en vriendelik – vol energie en planne. Hy is egter blind en rolstoelgebonde. Hy word tuis gestimuleer en is deel van ons huishouding.



Gebedsversoeke:

- Op die stadium is ons almal gesond, maar bis asb. Dat dit so sal bly (maagvirusse en ander siektes is volop rondom ons)
- Vir geen hoofpyne en epilepsie nie
- Vir volgehoue entoesiasme, deursettingsvermoë en energie

Ek sluit af met 'n gedeelte van Boerneef se gedig:
Slaan rem aan hou julle asem in en kyk en kyk
Lank en eerbiedig soos 'n mens na so 'n herfs moet kyk
Laat dit brand in jou vir latertyd
Die warm geel en rooi vir latenstyd

Mooi loop - Anelè







# Aanbidding en Barmhartigheid

## Ons het jou nodig!







**Kom bid Sondae saam in die Gebedskamer van 08h30 - 08h50**

**Gebedsversoeke:**

Skakel gerus by die WhatsApp groep Lourensrivier Aanbidding & Barmhartigheid in, deur U naam en van aan Lémari te stuur. Die groep word nie oorlaai met boodskappe nie en slegs "admins" kan plasings maak.

Ons het 'n groot groep bidders wat intree vir elke gemeentelid!






## Benodigdhede:

*Stuur asb nie-bederfbare kos items na die Kerkkantoor sodat ons dié in ons gemeente kan help.*

*Alle skenkings is welkom.*




**Kontak Lémari vir navrae - 082 692 9086**

**DRINGEND:** **Strand Dienssentrum** benodig die dienste van vrywilligers om kos af te lewer by ons ouer en siek lede in Strand area wat nie self die kos kan kom afhaal nie. Indien u sou belangstel om te help **skakel vir Nicolize Watts gedurende kantoorure op 021 854 4552 / 079 490 8600.**

**Strand Dienssentrum – ACVV Dienstak**

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing gee.**
***Bank info:***
***Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)***
***Takkode: 334-312***
***Reknr. 420 580 231***
***Verwysing naam en van***
***Epos betalingsbewys aan: fin@lourensrivier.co.za***

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill




## Baie welkom aan ons nuwe Lidmate:

*Mag julle ook die Oorgee, Omgee en Aangee by ons Gemeente ervaar:*

Vanaf Silvertonkruin
Kotze Jakobus Gerhardus (Kobus)
Kotze Johanna Petronella (Ronel)

Vanaf Melkbosstrand
Smal Willem Jacobus (Willem)

## Dagboek vir die week

| | | |
|---|---|---|
| 16 Mei | 09:30 | Vrouebybelstudie |
| | 19:00 | Pinkster |
| 17 Mei | 05:30 | Mannegroep |
| 19 Mei | 09:00 | Erediens |
| | 09:00 | Kinderdiens |
| | 17:30 | Lifeline Jeug |
| 20 Mei | 19:00 | Rapha Vroue |
| 22 Mei | 08:00 | Senior Manne |
| | 09:00 | Vrouebiduur |
| 24 Mei | 05:30 | Mannegroep |
| 25 Mei | | Feesmark Keuringsdag |



Graag nooi ons alle belangstellendes om Dinsdae-oggende by ons aan te sluit vir Pluimbal vanaf 08:30-11:30 in die Kekrsaal



Skakel vir Salomè Botha vir meer inligting - 072 170 3762



**Stal jy gereeld uit by markte.**
**Wil jy graag jou produkte of kunswerke begin uitstal en verkoop?**

**Dan is die Kersmarkkeuring te NGK Lourensrivier net vir jou.**




Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk
083 456 4826

**VROUE GEBEDSGROEP**
Woensdae 09:00 in konsistorie

**MANNE GEBEDSGROEP**
Vrydae 05:30 in gebedskamer
Johan 082 466 4758

## SNUFFELMARK

As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee….skenk dit vir die kerk se Snuffelmark. Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit gerus af by die kerkkantoor tydens kantoorure.Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekers, koppies, pierings, skildery, en vele meer


**Volgende Snuffelmark:**
**Dinsdag 28 Mei @ 11:30**



***BESOEKERS / NUWE LIDMATE***
***In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken,***

***As jy 'n GEBEDSVERSOEK**, of **'n HUISSBESOEK VERLANG,*** *vul dit ook in die boekie in.*
*Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za*
***Kontak ds. Derick direk vir enige besoeke of afsprake 0823336012***

# Vir die Kleinspan








# Ondersteun asb ons adverteerders































